# Redaksioneel

Ons is weer eens bevoorreg om ’n besondere uitgawe van *In die Skriflig* aan te bied. Hierdie uitgawe bevat artikels oor ’n wye verskeidenheid onderwerpe in die teologiese ensiklopedie. Cassie Venter bespreek die struktuur van E.L. Dowry se homiletiese plot en raak daarmee ’n onontginde terrein in die homiletiese navorsing in die geledere van die Gereformeerde Teologiese Vereniging aan. Op prakties-teologiese vlak bespreek Jordaan en Janse van Rensburg die rol van die vader by veralgemeende angsversteuring. Hierdie artikel lewer ’n belangrike bydrae tot die pastorale hantering van angsversteuring. Jonck, Le Roux en Verster ondersoek lidmate in die Mangaung-area se houding teenoor kerkvereniging in die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie en kom tot belangwekkende gevolgtrekkings.

Eweneens belangwekkend is Bob Wielenga se missiologiese bydrae tot die lees en verstaan van Klaagliedere en Hennie Goede se studie oor ’n toepaslike metafoorteorie vir die ontleding van metafore in die Nuwe Testament. Navorsing in die Bybelwetenskappe raak die grondslae van die hele teologie en dit is inderdaad nodig dat bydraes in hierdie verband gereeld geplaas behoort te word. Edmund de Beer en Herm Zandman, laasgenoemde ’n Christelike onderwyser in Australië, is albei etici wat onlangs hulle grade in hierdie dissipline aan die Fakulteit Teologie van die Noordwes-Universiteit ontvang het. Edmund ondersoek die praktyk van regstellende aksie in Suid-Afrika en Herm spits hom toe op die aanvaarding van die gerefrormeerde belydenisskrifte as voorwaarde vir kerklidmaatskap vanuit ’n etiese perspektief. Dan volg daar ook verskeie resensies van wetenskaplike teologiese en filosofiese werke asook bekende geestelike lektuur. Ons wil graag ons hartlike dank betuig teenoor die resensente wat ons in hierdie verband bygestaan het.

In hierdie redaksioneel wil ons ook graag die bydraes van twee van ons emeritus professore in herinnering roep, aangesien albei die ouderdom van tagtig en hoër bereik het. Hulle is professore Bert Floor en Bouke Spoelstra. In die beginjare van die Gereformeerde Teologiese Vereniging en *In die Skriflig* het albei ’n enorme bydrae

gelewer om die Vereniging en die blad te vestig. Albei was ook vir verskillende periodes redakteurs van *In die Skriflig*. Voorts was hulle vele wetenskaplike artikels vir talle lesers 'n bron van verryking en inspirasie in die studie van die Teologie. Hierdie artikels is in menige proefskrifte aangehaal. So het hulle ook bygedra tot die uitbou van die Gereformeerde Teologie in Suid-Afrika en ook in gereformeede kringe in die buiteland. Van besondere waarde was hulle beklemtoning van die Koninkryk van God as paradigma vir die teologie vandag. Hiermee het hulle die denke in hulle onderskeie vakdissiplines geslyp en gevorm. Albei geniet nog goeie gesondheid en het 'n lewendige belangstelling in kerklike en teologiese sake. Ons bid hulle die ryke seën van die Here toe en is dankbaar vir hulle besondere bydraes oor die jare.

Die uitbou van gereformeerde teologie bly 'n belangrike taak soveel te meer omdat hierdie aktuele tradisie in ons tyd maklik verval in oppervlakkige fundamentalisme aan die een kant en sekularisme aan die ander kant. Prof. Michael Welker van die Heidelbergse Universiteit, wat onlangs 'n gas van ons fakulteit was en verskeie lesings oor onder andere die gereformeerde teologie gelewer het, het benadruk dat ons weer die gereformeerde teologie moet uitbou as 'n gefundeerde teologie en 'n relevante teologie vir ons tyd. Hy poog om 'n wêreldwye netwerk van navorsers vir hierdie doel te vestig. Self het hy aangetoon hoe relevant die solismes van die Reformasie steeds vir ons tyd is. Die Gereformeerde Teologie en In die Skriflig wil graag aan hierdie ideaal diensbaar wees. Daarom waardeer ons beginselvaste denke, relevante en kritiese besinning en kritiese kommentaar. Ons vertrou dat hierdie uitgawe hieraan voldoen.

Hierdie uitgawe van *In die Skriflig* bevat ook sewe resensies. Die boekresensies word onder verskillende hoofde aangebied. Ons onderskei voortaan tussen resensies waarin vakwetenskaplike werke meer uitvoerig geresenseer word vir die vakkundige, en fokusresensies waarin populêr-wetenskaplike en populêre werke wat veral op aspekte van bediening en Bybelstudie fokus, in korter resensies bespreek word.

Ons vertrou dat ons lesers hierdie uitgawe stimulerend sal vind en dat dit bruikbaar sal wees in teologiese wetenskapsbeoefening, praktiese bediening en Christelike roepingsvervulling.

**J.M. Vorster**
**Redakteur: *In die Skriflig***